NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA
Sinode van Wes-Kaapland
SINODALE KANTOOR
De Langestraat 5
BELLVILLE
7530
Privaat sak X8
BELLVILLE
7535
PBO: 9300 13251
T 021 957 7100
E ngkadmin@kaapkerk.co.za
www.kaapkerk.co.za

Begroting 2020

(Voorlopige syfers: Tien gemeentes se geouditeerde finansiële state is nog uitstaande)
Inligting soos op 18 Oktober 2018

1. SINODALE AANDEEL

1.1 Gemeentes se bruto inkomste het in 2018 [2018 = 1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018] met **3,3%** gestyg – van R508 714 652,12 in 2017 na 2018 se bruto inkomste van R525 289 455,16. Vir sinodale aandeel word gemeentes se inkomste uit deuroffers (R11 miljoen), versekeringseise (R1,6 miljoen), bemakings (R5 miljoen), wins met verkoop van bates (R20,7 miljoen) en sinodale ondersteuning (R5,3 miljoen) afgetrek. Uitgawes aan gemeentelike dienswerk word ook afgetrek (R43,8 miljoen).

1.2 Die netto inkomste (vir die berekening van sinodale aandeel) het gevolglik met slegs **0,5%** gestyg.

Beskrywing	2017	2018	%
Bruto Inkomste	508 714 652,12	525 289 455,16	3,3%
Deuroffers	10 782 569,98	10 962 917,16	1,7%
Versekeringseise	760 995,20	1 616 334,85	112,4%
Bemakings	7 888 828,34	4 988 785,36	(36,8%)
Wins met verkoop van bates	7 905 140,26	20 701 311,71	161,9%
Sinodale ondersteuning	4 739 584,99	5 311 066,71	12,1%
Gemeentelike Dienswerk	40 992 940,63	43 779 574,74	6,8%
Netto inkomste (vir SA berekening)	**435 644 592,72**	**437 929 464,63**	**0,5%**

1.3 Die STFA se beleid is om die tabel wat vir sinodale aandeel gebruik word, afwaarts aan te pas. Die tabel is vanjaar met 10% afwaarts aangepas en is so deur die moderamen goedgekeur in Augustus 2018. Die nuwe tabel vir die berekening van sinodale aandeel vir 2020 [2020 = 1 Maart 2019 tot 29 Februarie 2020] is soos volg:

Netto inkomste		% van die bedrag
R0 tot R630 000	R0	1 % van die bedrag
R630 001 tot R945 000	R6 300,00	plus **6%** van dit wat meer as R630 000 is
R945 001 tot R1 574 000	R25 200,00	plus **9%** van dit wat meer as R945 000 is
Meer as R1 574 000	R81 810,00	plus **10%** van dit wat meer as R1 574 000 is

1.4 Hierdie tabel, toegepas op die geouditeerde finansiële state van gemeentes soos op 28 Februarie 2018, gee ’n inkomste uit sinodale aandeel van **R27 392 347.** Onthou egter dat hierdie syfer die tien gemeentes uitsluit wie se geouditeerde finansiële state nog uitstaande is. Rofweg bereken, kan hierdie gemeentes se sinodale aandeel sowat R500 000 wees. Dit bring die verwagte sinodale aandeel se totaal op na R27 900 000.

1.5 Die STFA rond die sinodale aandeel begroting egter altyd effens na onder af ten einde ’n buffer in te bou om voorsiening te maak vir gemeentes wat nie hulle sinodale aandeel kan betaal nie. In plaas van ’n sinodale aandeel begroting van R27 900 000, het die STFA die begroting vir 2020 met slegs **2,7%** aangepas (van **R26 775 000** na **R27 500 000**). Dit bied dus ’n buffer van ongeveer R400 000.

1.6 Sinodale aandeel bly gemiddeld sowat **4,9%** van gemeentes se bruto inkomste.

Jaar	Bruto Inkomste	SA vir Jaar	%
2014	442 482 548,74	22 441 472	5,1%
2015	490 583 931,58	22 359 537	4,6%
2016	482 342 840,91	23 944 855	5,0%
2017	508 714 652,12	25 136 982	4,9%
2018	525 289 455,16	26 321 751	5,0%
Gemiddeld			**4,9%**

1.7 Die sinodale begroting is met **2,7%** aangepas. Dit is die laagste aanpassing sedert 2011. In 2010 en 2012 was die begroting verminder as gevolg van gemeentes se verminderde inkomste. Hierdie begroting bevestig net weer die Wes-Kaap se inkomste gebaseerde sinodale aandeel sisteem: gemeentes se inkomste in 2018 bepaal die sinode se begroting in 2020.

Jaar	SA	%	Topskaal	%
2007	17 000 000		13 500	6,0%
2008	17 850 000	5,0%	14 380	6,5%
2009	19 225 000	7,7%	15 360	7,0%
2010	18 813 600	(2,1%)	16 670	8,5%
2011	20 150 000	7,1%	18 090	8,5%
2012	18 000 000	(10,7%)	18 800	4,0%
2013	20 000 000	11,1%	20 090	7,0%
2014	21 000 000	5,0%	21 496	7,0%
2015	22 000 000	4,8%	23 000	7,0%
2016	23 100 000	5,0%	24 840	8,0%
2017	24 255 000	5,0%	26 100	5,0%
2018	25 500 000	5,1%	27 800	6,5%
2019	26 775 000	5,0%	29 610	6,5%
2020	**27 500 000**	**2,7%**	31 400	6,0%

2. BEGROTING VIR 1 MAART 2019 TOT 29 FEBRUARIE 2020

2.1 Die begroting van **R27 500 000** word soos volg tussen die diensgroepe verdeel:

	%	2018	2019	2020
Diaconia	19,0%	4 845 000	5 087 250	5 225 000
Gemeentes	18,0%	4 590 000	4 819 500	4 950 000
Getuienis	29,0%	7 395 000	7 764 750	7 975 000
Toerusting	8,0%	2 040 000	2 142 000	2 200 000
Ondersteuning	12,5%	3 187 500	3 346 875	3 437 500
Verband	13,5%	3 442 500	3 614 625	3 712 500
TOTAAL	**100%**	**25 500 000**	**26 775 000**	**27 500 000**

2.2 "Verband" sluit die NG Kerk in SA se bydrae aan die **VGK** (**3%** of dan **R825 000**) in. Dit sluit ook die aandeel wat die NG Kerk in SA in die Algemene Sinode se rekening het (R1,24 miljoen). Diaconia se begroting sluit die **9,5%** (**R2 612 500**) in wat na **Badisa** gaan (50% van Diaconia se toekenning). Verband sluit ook die vergoeding in wat die moderatuurslede betaal word.

2.3 Diensgroepe se vergoeding en huur word deur die Bestuurder: Finansies bereken. Die diensgroep begroot vir hulle projekte en bedryfsuitagwes uit die beskikbare gedeelte en reserwes fondse.

	Inkomste uit SA	**Salarisse**	**Huur/Ander**	**Beskikbaar**
Diaconia: Huur Badisa	5 225 000,00	(1 357 082,04)	(70 128,58) (2 612 500,00)	1 185 289,38
Gemeentes	4 950 000,00	(3 767 318,06)	(102 104,73)	1 080 577,21
Getuienis	7 975 000,00	(4 222 696,95)	(74 128,07)	3 678 174,98
Toerusting	2 200 000,00	(2 717 528,36)	(70 745,22)	(588 273,58)
Ondersteuning	3 437 500,00	(7 418 795,50)	(521 763,23)	(4 503 058,73)
Verband: Modera Alg Sin VGK	3 712 500,00	(1 038 651,36)	(59 159,39) (1 244 761,00) (825 000,00)	544 927,89
TOTAAL	**27 500 000,00**	**(20 522 072,27)**	**(5 580 290,57)**	**1 397 637,15**

DS AH (BOSSIE) MINNAAR
18 OKTOBER 2018